



NUWE JERUSALEM

Kerke wêreldwyd

Pastoor Tony Alamo

Die Alamo Christennasie

Volume 17400

DIE WEERMAG EN LUGMAG VAN GOD

(Die Wagters)

deur **Tony Alamo**

Die profeet Elisa se dienskneg het vroeg opgestaan en hy het gesien dat die Siriese leërskaare die stad waarin hy en Elisa vertoef het, omring het. Hy was paniekerig en het vir Elisa gesê: “Ag, Meneer! Wat gaan ons nou maak?” [M.a.w. hoe gaan ons lewend uit die penarie uitkom?] Toe het Elisa vir sy dienskneg gesê: “Moenie bang wees nie; dié wat by ons is, is meer as wat met hulle is.” Toe het Elisa gebid [tot GOD]:

“HERE, maak tog sy oë oop dat hy kan sien.” Die Here het die oë van die slaaf oopgemaak, en hy het gesien: die berge rondom Elisa was vol perde en strydwaens van vuur (2 Kon. 6:15-17).

Dieselfde leërskaare van GOD wat Elisa vir GOD gevra het om aan sy dienskneg te wys, het die mure van Jerigo laat omval (Jos. 6:20). Josua het die AANVOERDER van GOD se leërskaare by Jerigo, soos volg ontmoet: “Toe hy sien, staan daar ’n man voor hom met ’n ontblote swaard in die hand. Josua het na HOM toe gegaan en HOM gevra: ‘Is U aan ons kant of aan ons vyande sê?’ ‘NEE’, sê die man, ‘EK IS DIE AANVOERDER VAN DIE



Pastore Tony en Susan Alamo op hul internasionale televisieprogram

Foto geneem in 1973

LEËR VAN DIE HERE. DAAROM IS EK HIER [die voorganger van JESUS]’. Josua het diep gebuig en vir die MAN gesê: “Wat wil U aan my, U dienaar, sê?” Toe sê die LEËRAANVOERDER van die HERE vir Josua: “Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is ’n gewyde plek’. Josua het dit gedoen.

Jerigo was gesluit en verskans teen die Israeliete; niemand het uitgegaan of ingekom nie. [Dit is omdat hulle gewet het GOD is met Israel en hulle het ook gewet GOD gaan hulle vernietig.] Die HERE het vir Josua gesê: “Ek gaan Jerigo, sy koning en sy soldate nou in jou mag oorgee. Julle moet om die stad loop; al die manne onder wapen moet een maal om die stad gaan, en dit moet

julle ses dae lank doen [Dit was om die sondige mense van Jerigo geestelik uit te put voor hulle totale vernietiging.] Sewe priesters moet elkeen ’n ramshoring voor die ark uitdra. Die sewende dag moet julle sewe maal om die stad loop. Dan moet die priesters die ramshorings blaas, en sodra die ramshorings blaas en julle dit hoor, moet al die manskappe die aanvalskreet hard uitskreeu.

Die muur van die stad sal dan inmekaar stort [dit sal gedoen word deur die onsigbare hand van die aanvoerder van GOD se leërskaare] en die manskappe kan oorklim, elkeen reguit vorentoe.”

“Josua, seun van Nun, het die priesters geroep en vir hulle gesê: ‘Wat die verbondsark en laat sewe priesters elkeen ’n ramshoring voor die ark van die HERE uitdra. Vir die manskappe het hy gesê: ‘Kom verby en loop om die stad. Die gewapende manne moet verbygaan voor die ark van die HERE uit.’ Josua was nog besig om met die manskappe te praat, toe kom die sewe [Joodse] priesters wat elkeen ’n ramshoring voor die ark van die HERE uit moes dra,

(Vervolg op bladsy 2)

DIE WEERMAG EN LUGMAG VAN GOD (DIE WAGTERS)

(Vervolg vanaf bladsy 1)

verby en blaas die ramshorings terwyl die verbondsark van die HERE agter hulle aankom. Die gewapende manne het voor die priesters geloop wat die ramshorings blaas, en die agterhoede het die ark gevolg. Terwyl hulle loop het die ramshorings geblaas. Josua het die manskappe beveel: ‘Julle moenie skreeu of ’n geluid maak nie; nie ’n woord moet uit julle mond kom voor die dag dat ek vir julle sê: Skreeu! nie, dan moet julle skreeu.’

“Die ark van die Here het om die stad gegaan. Toe dit een maal om was, het hulle na die kamp toe teruggegaan en die nag in die kamp deurgebring. Die volgende môre het Josua vroeg begin. Die priesters het die ark van die Here gedra. Die sewe priesters wat elkeen ’n ramshoring voor die ark van die HERE uit moes dra, het die ramshorings geblaas terwyl hulle loop; die gewapende manne het voor hulle geloop, en die agterhoede het die ark van die HERE gevolg. Terwyl hulle loop het die ramshorings geblaas. Hulle het die tweede dag een maal om die stad geloop en het toe teruggegaan kamp toe. Dit het hulle ses dae gedoen.”

“Die sewende dag het hulle vroeg, toe die rooidag breek, begin. Hulle het sewe maal om die stad gegaan, in dieselfde volgorde as tevore. Daardie dag het hulle dus sewe maal om die stad gegaan. Na die sewende maal het die priesters die ramshorings geblaas. Josua het vir die manskappe gesê: ‘Skreeu! Die HERE gee die stad aan julle oor! Dit moet heeltemal uitgedelg word as banoffer vir die HERE: die stad en al wat daarin is, behoort aan die HERE. Net die prostituut, Ragab, mag lewe, sy en almal by haar in die huis, want sy het die verkenners wat deur ons uitgestuur is, weggesteek. Maar weerhou julle van wat aan die HERE behoort. Moet niks vat van wat aan hom behoort en vernietig moet word nie, anders maak julle dat

die kamp van Israel self vernietig moet word en bring julle die dood daarvoor. Die silwer en goud en die brons- en ystergoed in die stad is alles aan die HERE gewy. Dit moet in die skatkis van die HERE kom.”

“Die manskappe het geskreeu toe die priesters die ramshorings blaas. Net toe die manskappe die ramshorings hoor, het hulle die aanvalskreet hard uitgeskreeu. Toe stort die mure inmekaar [dit is bereik deur die leërskare van die HERE en die KAPTEIN van die leërskare van die HERE] en die manskappe gaan oor, die stad in. Hulle het die stad ingeneem.” (Josua 5:13-6:20).

In die boek van Enog voorspel die groot profeet Enog die kwessie van die bewakers. Hierdie bewakers is die engele van GOD, en is deel van die Hemelse leërskare van GOD. Daar word soms van hulle gepraat as die beskermengele van GOD se heilige mense hier op aarde.

Daar is slegte engele en daar is goeie engele. Openbaring 12:4 sê dat ’n derde van die engele — die slegtes — uit die hemel gewerp is tesame met hulle leier, Satan self (Luk.10:18). Onthou egter, twee derdes van die engele — die goeies — staan steeds in diens van die HERE. Die slegte engele, een derde, is nie net sleg nie, maar is baie boos.

Openbaring 12:3 lui: “Daar het ook ’n ander teken in die hemel verskyn: daar was ’n groot vuurrooi draak [die duiwel] met sewe koppe ...” “Die sewe koppe is die sewe berge [van Rome in Italië]. Daar by hulle het die vrou haar setel.” [Op.17:9] Hierdie vrou is ’n valse profeet, die valse kerk, die kultus, die kop van die dier, wat die Vatikaan is, die Rooms-Katolieke, homoseksuele kerk wat kinders molesteer.

Openbaring 12:3 sê dat die sewe koppe tien horings gehad het. Die tien horings is simbolies van die tien Europese nasies wat hulle steun aan Rome se Vatikaan gee (VN, Nuwe Wêreldorde) vir ’n kort tydperk (die laaste een was Griekeland) en wat verenig het met Satan se Nuwe Wêreldorde, of eenwêreldregering. “... En die sewe krone op sy koppe [die sewe krone verteenwoordig die Satan se

Nuwe Wêreldorde wat tydelik sal heers oor die sewe kontinente, m.a.w. die hele wêreld].”¹

“Sy stert het ’n derde van die sterre van die hemel saamgesleep [Die sterre is die bose engele.² Openbaring 1:20 sê dat die sterre simbolies is van engele], en [die draak, Satan] het [een derde van die slegte en bose engele] uitgewerp na die aarde: en die draak [die duiwel] het voor die vrou gestaan [wat die twaalf sterre op haar kroon het. Dit (die vrou) is die Bruid van CHRISTUS, die Nuwe Jerusalem, wat die letterlike LIGGAAM van CHRISTUS, die ware Israel hier op aarde is, die wat Christene en nie Katolieke is nie, wat tot stand gekom het saam met God se uitverkorenes, die deur-kruis-Jode. Nou red GOD mense van alle nasies wat CHRISTUS as verlosser aanneem]” (Op. 12:4).

Openbaring 12:4 sê die vrou (die LIGGAAM van CHRISTUS) was gereed om haar kind in die wêreld te bring (wat CHRISTUS was). Dit is ’n terugflits na die tyd toe Satan deur Koning Herodus en sy leer voor Israel gestaan het om CHRISTUS met sy geboorte en twee jaar daarna³ te vernietig, want CHRISTUS was en is nog steeds die Koning der Konings en die HEER der HERE, die REDDER van die wêreld, HY wat die werke van Satan wou vernietig deur die siele van almal te red wat HOM as hulle REDDER en GESAGHEBBENDE aanvaar.⁴ Kolossense 2:15 sê CHRISTUS, “... het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon ... deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.”

Hierdie is die laaste dae.⁵ Die aarde is gevul met GOD se weermag en die hemel is gevul met GOD se lugmag. Hierdie is die VVV’s wat miljoene mense van regoor die wêreld al gesien het. Weens die feit dat mense onkundig is oor die Woord van GOD, glo hulle dat die VVV’s vreemdelinge van ander planete is. As ’n mens die Bybel ken, dan weet jy hoe mislei die mense van die wêreld is, want die vlieënde pierings, wat algemeen bekend is as VVV’s, is nie van ander planete nie. Hulle is “die

¹ Dan. 2:40, 7:19-25, Op. 13:2-8, 14:8, 17, 18:2-24 ² Jes. 14:12-17, Matt. 25:41, Luk. 10:18, 2 Pet. 2:4, Jud 6, Op. 12:3-4, 7-9 ³ Matt. 2:1-18 ⁴ Dan. 7:13-14, 1 Tim. 6:14-16, Heb. 2:14-15, 1 Joh. 3:8, 4:14-15, Op. 17:14, 19:16 ⁵ Matt. 24

wagters”, die engele van GOD, wat die aarde deurkruis net voordat CHRISTUS weer kom. Die wagters is besig om gereed te maak vir die Oordeel.

Openbaring 16:1 lui: “Toe het ek uit die tempel ’n harde stem vir die sewe engele hoor sê: ‘Gaan gooi die sewe bakke, gevul met die toorn van GOD, op die aarde uit!’ In Daniël 4:13, “... kom daar ’n wag, (’n engel) uit die hemel uit af” om GOD se oordeel oor die arrogante koning Nebukadneser te bring wat in Daniël 4:30 gesê het, “Kyk net hoe groot is Babel! Deur my groot mag [in plaas van GOD se mag] het ek daarvan ’n koningstad gemaak, tot my eer en roem. [in stede van GOD se eer en roem].”

Hier is GOD se oordeel wat aan die wag gegee is om oor Nebukadneser uit te spreek: “Terwyl die woord [nog] in die mond van die [arrogante] koning was, val daar ’n stem uit die hemel: ‘Koning Nebukadneser, jou word aangesê — die koningskap word jou ontnem; en hulle [die wagters] sal jou uit die mensdom verstoot, en jou woning sal saam met die diere van die veld wees; hulle sal jou plante laat eet soos die beeste, en sewe tydperke sal oor jou heengaan, totdat jy erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie hy wil.’ Dieselfde oomblik het die woord in vervulling gegaan oor Nebukadneser — hy is uit die mensdom verstoot en het plante geëet soos die

beeste, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak, totdat sy hare lank geword het soos die vere van arende, en sy naels soos dié van voëls” (Dan. 4:31-33).

In Jeremia 4:16, sê GOD vir Jeremia: “Vertel dit aan die nasies, maak dit aan Jerusalem bekend: Daar kom wagte uit ’n ver land, hulle beveel hulle manskappe om die stede van Juda aan te val.” Daar was baie gramskap teen die stede van Juda. Dit is omdat hulle steeds tot vandag toe vir JESUS verwerp as MESSIAS.

Ek glo dat feitlik almal in die wêreld bekend is met die miljoene gesigte wat hulle VVV’s (vreemde vlieënde voorwerpe) noem, maar dit is nie VVV’s nie. Dit is die wagters of engele van GOD wat die aarde deurkruis in die laaste dae, voor die einde van die wêreld, die eindtyd. Deur GOD se genade laat HY almal toe om honderde eindtyd-profesieë, tekens en wonders (soos die wagters, GOD se engele, wat die aarde met hulle sogenaamde vlieënde pierings deurkruis) net voordat die aarde vernietig word, te sien. Die boek Joël profeteer hieroor,⁶ net soos die apostel Petrus in die boek van Handeling, “Só sal dit in die laaste dae wees, sê GOD: Ek sal MY GEES uitstort op alle mense: Julle seuns en dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. Ja, op MY dienaars en dienaresses sal Ek in daardie dae MY GEES uitstort, en hulle sal as

profete optree. Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die HERE kom. So sal dit dan wees: elkeen wat die NAAM VAN DIE HERE aanroep, sal gered word.” (Hand. 2:17-21).

Die wagters, dit is die engele in die Hemel en ons wat Christene is, (nie-Katolieke), is verwant omdat GOD ons albei geskape het. GOD het die engele geskep en GOD het ons geskep. Daar is goeie mense en daar is slegte mense, want net ’n paar van ons onderhou die gebooi van GOD.⁷ 1 Joh. 2:3-4: “As ons die gebooi van GOD gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons HOM ken. Iemand wat sê ‘Ek ken HOM’, maar nie sy gebooi gehoorsaam nie, is ’n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.”

Sommige mense spog dat hulle lief is vir die HERE. In hulle daaglikse lewens beantwoord hulle egter nie GOD se oproep nie, maar ignoreer eerder SY stem. Sommiges sê slegs wanneer hulle emosioneel opgewonde is dat hulle lief is vir die HERE. As hulle byvoorbeeld na ’n flik, televisieprogram, sportgeleentheid of musiekgeleentheid wil gaan kyk, is daar iets binne-in hulle wat hulle waarsku daarteen om te gaan, maar hulle gaan nogtans. Hulle weet dat hulle nie groot sondes moet doen nie, maar hulle gee nie om vir die klein dingetjies nie. Wanneer hulle bid tydens dienste, mag hulle selfs getuig dat hulle aangeraak is, deur die HERE se GEES. Daar is baie belydende Christene wat so optree. Eintlik is dit nutteloos om die HERE op so ’n manier lief te hê.⁸

’n Sekere suster mag so ywerig vir die HERE wees, dat ’n kombinasie van tien broers haar nie kan ewenaar nie. Wanneer sy praat oor haar liefde vir die HERE, sal die wat na haar luister dalk tot trane gedryf word. Wat ongelooflik is, is dat wanneer so ’n suster kwaad word, niemand haar kan keer nie. Die aardse lewe is die onwerklike lewe (die

(Vervolg op bladsy 4)

6 Joel 2:28-32

Vanaf ons 24-uur gebeds- en inligtingslyn

Dominee Wilimena Thomas (by Lauderdale Lake, FL) het haar pakkie ontvang. Al die dames in hulle Bybelstudiegroep het byeengekom en “*The Army and Air Force of God*” gelees. Sy sê hulle het meer uit daardie stukkie literatuur geleer as van al die predikante waarna hulle vir jare geluister het (en waarna hulle die laaste tyd vir ’n hele ruk nie geluister het nie). Hulle het die literatuur geniet en geluister na die CD’s. Hulle sê niemand maak dinge so duidelik soos Tony nie. Sy het gevra dat ons aanhou literatuur en CD’s stuur. Hulle wil hê ons moet weet dat hulle byeenkom en gebedsgeleenthede hou waar hulle vir Tony en die kerk bid. Sy het weer gevra om op hoogte gehou te word met literatuur en CD’s. Sy het ook die kerk gevra om vir haar drie eiesinnige kleinkinders te bid teenoor wie daar vir jare getuig is.

7 Matt. 7:13-14, 21-23, Luk. 13:23-30 8 Matt. 7:21-23, 25

DIE WEERMAG EN LUGMAG VAN GOD (DIE WAGTERS)

(Vervolg vanaf bladsy 3)

lewe wat nie van GOD is nie). Eendag sal alles wat van die aardse lewe is, in stukkes gebreek word. Ons moet waarlik aangeraak word deur GOD om te kan sien dat ons entoesiasme, ons geveinste of valse ywer, ons valse liefde vir die HERE en ons valse diens aan die HERE alles aards is en GOD se liefde-element kortkom; dis nie werklik nie. Ongeag hoeveel lae staal en brons mure ons het en ongeag of dit die hek aan die buitekant, in die middel of aan die binnekant is, almal moet een vir een vir die HERE oopgemaak word, volgens die GEES binne-in. Ons sal dan besef dat ons in ons entoesiasme en ywer nie die HERE SELF kan sien nie. Slegs wanneer ons deur die HERE beweeg of aangeraak word tot só 'n mate dat HY op eerlike wyse binne ons vry kom, sal ons baie vrugte dra soos vermeld in Joh. 15:2. Die vrugte aan die boom kom van die LEWE binne-in.

Nou is die mense wat verwant is aan die bese engele bese mense. Onthou egter dat daar meer GODVRESENDE engele is as bese engele. Elisa het dit aan sy dienskneg gewys toe die Siriese leer hulle omring het. Elisa het die HERE gevra om sy dienskneg se oë te

open sodat hy kon sien dat daar meer engele saam met hulle was as saam met die Siriese leer. Toe het HY dit gedoen en "... die berge rondom Elisa [en sy dienskneg] was vol perde en strydwaens van vuur [die leërskaare van die HERE]", net soos wat die leërskaare van die HERE saam met die wagters is wat ons omring en beskerm en wag hou oor alles wat almal doen en sê hier op aarde (2 Kon. 6:17). Dit gebeur deur GOD se wagters oral in die hemele d.m.v. vlieënde pierings en deur wagters hier op aarde — die weermag en lugmag van GOD.⁹

Dit is hoogtyd vir almal in die wêreld om hulle sondes te bely en om GOD met hulle hele hart, siel, verstand en al hulle kragte te soek, wat die eerste en grootste gebod is.¹⁰ Binnekort sal die hemele in die ooste gevul wees met die tekens van die SEUN van die MENS. Daar is 'n paar verse wat van die gebeurtenis vertel. Een is uit Mattheüs 24. Nog een is uit Jesaja 2 en 'n verdere een is uit Openbaring 6.

Matt. 24:30-51 lui: "Dan sal die teken van die SEUN van die MENS in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die SEUN van die MENS op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit. Die groot trompet sal weerklink, en HY sal sy engele [die leërskaare van die HERE, die wagters] uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te

maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af." "Leer dit van die vyeboom as voorbeeld: wanneer sy takke begin sag word en hy blare kry, weet julle die somer is naby. So moet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur. Dit verseker EK julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur. Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit."

"Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die SEUN nie. Net die VADER weet dit. Soos dit in die dae van Noag was, sal dit ook wees by die koms van die SEUN van die MENS. In daardie dae voor die sondvloed het hulle soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Hulle het nie besef wat aan die gang was nie, totdat die sondvloed gekom en hulle almal weggesleur het. Net so sal dit gaan by die koms van die SEUN van die MENS ... Dan sal twee mense op die

Peru

(Vertaal uit Spaans)

God seën u, Pastoor, en Tony Alamo Ministries

Ek wil u graag inlig dat ons ter wille van die glorie van God nou in 'n nuwe kerk is. Dit is drie ure van Sullana, naby Piura, op 'n plek genaamd Sechura, waar daar 23 volwasse broers en 33 kinders is. Ons is daarheen om persoonlike diens te lewer en ook u literatuur van huis tot huis af te lewer en baie wil graag aanhou om onderrig te word. Gister is ons herenig en baie broers het opgedaag. Hulle het die Here aangeneem en ons gaan aanhou om drie maal per week byeen te kom. Alle glorie aan die Here. Jesus kom binnekort.

Andres Chiroque Silva

Tony Alamo Ministries

Sullana, Peru

Kenia

Geagte pastoor Tony Alamo,

Wees gegroet in die Naam wat bo alle name is, die Naam van ons HERE en REDDER Jesus Christus. Ek is bly om te kan sê dat ons besig is om ons stad te wen m.b.v. die Alamo-literatuur wat u aan ons voorsien. Ons bereik almal, gereddes sowel as ongereddes en gedurende die laaste maand is 15 mense gered en is hulle nou in die kerk. Verder het ons die pakkie wat u op 21 Desember aan ons gestuur het, ontvang. Ons wil vir u dankie sê en vir nog Bybels en literatuur vra, omdat daar 'n groot aanvraag is. Mag God u seën waar ons voortdurend bid dat God sal intree vir u saak, want ek weet dat alles moontlik is deur die krag van gebed.

Die uwe in Sy diens,

Pastoor Dalmas Munoko

Bungomo, Kenia



Alamo Bedienings Aanlyn

www.alamoministries.com

land werk, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word. Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet watter dag julle HERE kom nie. Onthou dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy waggehou het en nie toegelaat het dat daar in sy huis ingebreek word nie. Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die SEUN van die MENS kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie. Wie is eintlik die getroue en verstandige slaaf vir wie sy eienaar oor sy ander slawe aangestel het om hulle betyds kos te gee? Dit is die slaaf vir wie sy eienaar by sy tuiskoms so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy! Dit verseker EK julle: HY sal HOM aanstel oor alles wat HY besit. Maar as dit 'n slegte slaaf is, sal hy by homself dink: my eienaar bly lank weg. Dan sal hy die ander slawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink. Die eienaar van daardie slaaf sal op 'n dag kom wanneer hy dit nie verwag nie, en op 'n uur wat hy nie vooraf weet nie. Dan sal sy eienaar hom laat doodmaak en hom die lot van huigelaars laat deel. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.”

Die HERE gee aan ons baie tekens, so

as jy aandag gee, sal jy nie onverhoeds gevang word nie. Hier is nog 'n visioen waarop jy jou gedagtes moet rig, want die visioen sal gouer as wat jy dink 'n werklikheid word: “Toe het ek gesien die hemel is oop [dit was nog 'n eindtydvisioen van GOD]. Daar was 'n wit perd. SY Ruiter word die GETROUE en BETROUBARE genoem. Met regverdigheid oordeel HY en voer HY oorlog. SY oë het soos vuur gevlam, en op SY kop was daar baie heerserskrone. Daar was 'n naam op HOM geskrywe wat niemand anders ken nie, net HY self. HY het klere aangehad wat met bloed deurweek was, en SY Naam is: “DIE WOORD VAN GOD.” DIE LEËRS IN DIE HEMEL HET OP WIT PERDE AGTER HOM AANGERY [dit is die HERE en die AANVOERDER VAN SY LEËRSKARE]. Hulle het fyn, helder wit klere aangehad. Uit SY mond het daar 'n skerp swaard uitgekom om die nasies mee te tref, en HY sal hulle met 'n ystersepter [die WOORD van GOD] regeer. HY sal self die parskuip trap vir die wyn, die wyn van die toorn en die oordeel van GOD, die ALMAGTIGE. Op SY klere, by SY heupe, was daar 'n Naam geskrywe: “Die KONING VAN

DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HEERSERS [Dit is JESUS ons HERE]” (Op. 19:11-16).

Ons leef tans in die laaste paar minute van die eindtyd. Al die tekens is hier. Die Eenwêreld-Antichrisregering is nou in werking. GOD se lugmag is reeds jare in werking en honderde miljoene mense het die vlieënde pierings, die wagters, die engele, GOD se koninklike lugmag) gesien. Die pous in Rome spog oor hoe wonderlik die Nuwe Wêreldorde is. Daar is tsunami's, getybolwe, aardbewings, alle soorte plae, siektes, ontreding van die nasies, vervolgings en honderde soorte vloeke.

Jy is óf goed of sleg.¹¹ Jy ontvang of CHRISTUS as jou REDDER, of jy verwerp HOM. Kies HOM nou voordat dit te laat is. Jy is net 'n asemteug, 'n hartklop van die ewigheid af.¹² Dit is ter wille van jou siel dat jy die gebed bid. En dan gedoop word, ten volle onderdompel in die Naam van die VADER, die SEUN en die HEILIGE GEES.¹³ Bestudeer die King James-Bybel

(Vervolg op bladsy 8)

11 Matt. 7:15-20, Jak. 3:11-12, Op. 20:11-15, 21:7-8, 24-27, 22:11-12, 14-15 12 Ef. 3:19, Jes. 2:22 13 Matt. 28:19-20

Die Getuienis van Steven Wedel

My naam is Steven Wedel. Ek het 59 geword aan die einde van Oktober, 2012. Ek het Christus as my persoonlike Verlosser aangeneem op 4 November 1971. Ek het slegs 'n week tevore 18 geword. As Christus nie in my lewe gekom het soos hy in daardie stadium het nie, sou jy waarskynlik jare gelede my doodsberig gelees het, eerder as om nou die geleentheid te hê om van God se krag en vermoë om 'n persoon se lewe te verander, te lees.

Toe ek klaargemaak het met hoërskool in die lente van 1971, het ek geen aspirasies gehad om universiteit toe te gaan nie. Ek was 'n pseudo-hippie. Ek het die pad gevat na San Francisco, Kalifornië, in 'n motor saam met 'n paar vriende, en daarna duimgegooi vanaf

San Fransisco na Boulder, Colorado en toe weer terug na Kalifornië, dié keer Los Angeles.

Die ma van die vriend saam met wie ek gereis het, het 'n baie groot en pragtige huis in Beverly Hills gehad. Sy het ons genooi om vir 'n ruk by haar te bly, totdat ons werk en blyplek kon kry. Haar huis het 'n lieflike buitenshuise swembad en bediende gehad, wat al die inkopies en kookwerk vir ons gedoen het. Dit was veronderstel om die ideale vakansie-opset te wees wat ons kon geniet het, maar dit was die ongelukkigste tyd van my lewe.

Ek het binne-in heeltemal verlore en wanhopig gevoel. Daar was niks wat die konstante verwarring rondom die betekenis en doel van die lewe uit my gemoed en siel kon wegneem nie.



Broer Steven Wedel

Ek het vasgevang gevoel. Ek wou 'n lewe met betekenis hê, en een wat ander kon help. Ek was ontnugter met die toestand van die wêreld rondom my en met die korrupsie, apatie, misdaad en bloedvergieting. Ek wou in 'n wêreld vol vrede leef en het gedink die hippiebeweging in Kalifornië sou

(Vervolg op bladsy 6)

Die Getuienis van Steven Wedel

(Vervolg vanaf bladsy 5)

aan my 'n alternatiewe antwoord kon verskaf vir die rotteresies oral rondom my. Ek het gedink dat om dagga te rook en om LSD en ander hallusinogeniese dwelms te gebruik sou aan my die insig verskaf waarna ek gesoek het en aan my 'n rede gee om te leef. Ek wou nie 'n nege-tot-vyf werk, 'n huis met 'n paaltjieheining en 'n hond en 'n kat en 'n toekoms wat nêrens heen lei, hê nie. Ek wou weet wat die werklike doel van die lewe was. Al wat die dwelms gedoen het, was om my te beroof van die bietjie gesonde verstand wat ek oorgehad het. Dit het my gelaat met baie min oordeel om enigiets hoegenaamd te doen. Ek het gedink dat ek besig is om mal te word en sonder twyfel was dit wat besig was om te gebeur. Ek is egter glad nie so grootgemaak nie.

Ek het my vroeë jare oorsee deurgebring. My pa het by die Internasionale YMCA in Tokio, Japan gewerk en ons het elke Sondag getrou dienste bygewoon by 'n nie-sektariese kerk. Daar is altyd aan my gesê dat ons Christene is en ek is geleer om medemenslik te wees en ander te help. Ek het geweet dat Kersfees en Paasfees spesiaal was en dat dit nie regtig iets te doen gehad het met Sinterklaas of die Paashaas nie. Ek het in my siel soos die meeste kinders geglo dat daar 'n Skepper was, 'n God wat alles, insluitende myself, geskep het. Ek is geleer om te glo dat Jesus Christus die Redder is en tog het ek niks geweet van wie Jesus regtig is nie. Ek het geen krag in my lewe gehad nie, geen weerstand om nie te sondig nie en noudat ek terugkyk, het geen van daardie kerke wat ek ooit bygewoon het my enigins geleer wat sonde regtig was nie. Ek het nooit die term "om weergebore te wees in die Gees" gehoor nie en het nooit 'n oproep na die altaar waar siele gered word in een van die kerke aanskou nie. Hulle was net soos ek, geestelik dood.

Ek was in Graad 10 toe ons gesin na die VSA teruggekeer het. Ek wou

nie meer geestelik dood wees nie. Oral rondom my was mense besig om op loop te gaan of afvallig te raak. Ek het regtig na antwoorde binne myself begin soek rondom die lewe, dood, ewigheid en doel van alles. Ek het boeke gelees oor Oosterse godsdienste, mistieke godsdienste, die godsdienste van Amerikaanse Indiane, filosofie, boeke oor mense se idees en ideale, kommunisme, sosialisme en kapitalisme – alles waaraan ek kon dink. Ek het die Bybel gelees, maar kon dit in daardie stadium, sonder die Gees van God in my, nie verstaan nie. Ek het dreunsang en joga beoefen en deur woude gestap, sonder om op blomme te trap om nader aan God te kom. Niks kon die leegheid binne my vul nie. Niks het gewerk nie.

Ek het dit nie toe geweet nie, maar ek weet nou, dat die Here besig was om in my te werk om my by 'n plek te bring waar hy my van my trots kon stroop, sodat ek HOM as Here en VERLOSSER

kon aanvaar. Hy het dalk nie op so 'n manier met jou gewerk nie, maar Hy het geweet dat dit die enigste manier was waarop Hy my tot my sinne kon ruk. Hy het my na Kalifornië gebring om my by die doel uit te bring. Hy was besig om met my te werk, maar ek het dit toe nog nie geweet nie.

In Hollywood, Kalifornië kon jy nie 200m ver met Hollywood Boulevard langs stap sonder om in getuies van die Tony en Susan Alamo Christian Foundation vas te loop nie. Hulle was oral waar 'n mens gegaan het. Elke keer wat ek in Hollywood beland het, of dit nou was om werk te soek of net om die tyd te verwyf, was hulle oral teenwoordig en besig om traktaatjies uit te deel of mense na dienste te nooi. Hulle was passievol oor die Here. Daar



Broers en Susters van die Alamo-bediening, besig om ouer inwoners in ouetehuse te bedien.

is 'n paar keer teenoor my getuig van die Here en ek is uitgenooi na die kerk soos soveel ander, maar ek het elke keer die uitnodigings geweier. Ek was steeds te vol van myself om na ander te luister wat my van Jesus vertel het. Dikwels wanneer ek in die nag alleen was en die dag se gejaagdheid verby was, het die Here my herinner aan dinge wat die mense my vertel het, verse wat hulle aangehaal het oor die eindtye, die hel en die ewige lewe en dit het my aan die dink gesit. Aan die buitekant was Satan steeds besig om my rond te stamp, maar aan die binnekant het God my afgebreek.

Een middag laat het God dít wat hy in die reeks gebeure begin het, voltooi. Dit het gevoel asof iets besig was om in my lewe te gebeur, maar ek het nie geweet wat nie. Ek het myself weer daardie dag op Hollywood Boulevard bevind en was nie op soek na broers en susters van die kerk nie, maar het hulle eerder probeer vermy. In stede daarvan het ek in een van die susters vasgeloop wat besig was om op 'n straathoek te getuig. Sy het eenvoudig aan my 'n traktaatjie gegee en my genooi om daardie aand 'n diens by te woon. Ek het 'n flou verskoning uitgedink en gesê: “Ek sal daarvoor dink.” Sy het vinnig geantwoord en gesê: “Ek sou regtig daarvoor nadink, want dit mag dalk die laaste keer wees wat God iets met jou te doen wil hê.” Niks wat sy kon sê, sou my méér affekteer nie. Net die gedagte dat God self niks meer met my te doen sou wou hê nie, het my soos 'n ton stene getref. Dit het my in my spore laat vassteek. Ek was mal, maar nie mal genoeg om nie te weet dat die laaste ding wat ek wou hê, was dat God my moes uitlos nie. Dit het my vreesbevange gelaat. Ek was alreeds ongelukkig genoeg.

Ek het Hollywood Boulevard van bo tot onder gestap en afgedraai by 'n systraatjie met baie groot huise en erwe. Ek het op een van die erwe gaan sit en wag totdat dit amper tyd was vir die bus om mense wat kerk toe wou gaan, op te laai. Ek het toe na die bus gestap en self 'n sitplek ingeneem.

Die rit na die kerk in Saugus was nogal lank, maar ek het heel tuis gevoel. Een van die Christenbroers het sy kitaar uitgehaal en die bus vol mense begelei om evangeliese liedere te sing. Ek het totale vrede ervaar, selfs al was dit alles op daardie tydstip bietjie vreemd vir my.

Toe ons by die kerk kom, is al die gaste wat op die bus was genooi om die diens by te woon. Ek was nog nooit voorheen in so 'n kerk nie, 'n kerk wat lewend gevoel het nie. Ek het nie die dooie gevoel ervaar waarvan kerke wat ek voorheen bygewoon het, deurdrenk was nie. Hierdie broers en susters het gedurende die diens evangeliese liedere uit volle bors gesing. Hulle het hulle hande gelig en God geloof. Dit het gelyk asof almal wat daardie aand in die kerk was, getuienis gelewer het van wat God in hulle lewens gedoen het. Sommiges het voorheen dwelms gebruik soos ek, sommiges nie. Sommiges was oudgevangenes, sommiges was van die strate en ander was van die bloubloed in die gemeenskap. Dit was mense wat ongelukkig en verlore was, net soos wat ek steeds was. Nou het hulle almal Christus as hul Verlosser bely. Hulle was nie langer verlore nie, maar gevind. In my siel wou ek hê wat hulle daardie aand in die diens getoon het. Ek wou daardie lewe hê, maar was steeds onseker oor baie dinge. Satan het miljoene gedagtes van twyfel by my gesaai in sy laaste poging om my te weerhou daarvan om gered te word. Die Bybel sê: “Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word.” By die oproep tot die altaar daardie aand, het Satan sy greep op my verloor. Ek het die Here Jesus Christus daardie aand op my knieë voor die gemeente aangeneem en ek is gered! Prys die Here! Prys die Here vir ewig vir Sy geduld en genade wat Hy aan my betoon het! Ek is wedergebore!

Ek het gevoel hoedat die Here daardie aand in my hart inkom en ek sal dit nooit laat gaan nie. Om na die diens in die gebedskamer in te gaan en verseker te weet daar was 'n God wat

vir my omgee en gebede beantwoord het, was die grootste troos wat ek ooit geken het. Die prys wat Christus daarvoor betaal het, was met Sy eie bloed. Hy het gesterf sodat ons kon lewe. Hy het my daardie aand by 'n plek gebring wat ek nooit sal vergeet nie. Ek is omtrent twee weke hierna met die Heilige Gees gedoop. Niks kon my ooit weer hierna oortuig dat God nie 'n werklikheid is nie. Hy is lewend en Hy sal altyd lewend wees. Hy het my gered en hy kan jou red. Ek het sedertdien duisende mense gesien wat na Christus gelei is deur die bediening. Ek het baie mense gesien wat deur God genees is van siektes en kwale wat hulle gehad het. Ek het lewens gesien wat net so stukkend soos myne was, wat omgekeer is tot produktiewe lewens. Ek sal nie die Christelike lewe verruil vir enigiets wat die wêreld het om te bied nie.

Tony en Susan Alamo was die mense wat God gebruik het om duisende mense uit alle vlakke van die lewe te lei om nuwe lewe in Christus te vind. Hulle het dit albei op baie onselfsugtige wyse gedoen. Hulle het nooit enigiemand vir enigiets teruggevra nie, behalwe dat ons God dien. Susan is weg na die Here toe in 1982 en Tony het sedertdien aangehou om die evangelie te verkondig. Hy hou steeds aan. Ek en baie ander is baie dankbaar dat hulle nie net die ywer van God in hulle gehad het om daagliks getuies op straat te hê om uit te reik na ander in hulp nie, maar ook vir die voorsiening van plekke waar mense soos ek 'n heilige, godvresende lewe kon leef, sonder om vasgevang te raak in die sake van die bose wêreld. Prys die Here!

As jy die getuienis lees en nog nie gered is nie, moenie wag nie. Jesus Christus is werklik die Redder van die wêreld en Hy kan aan jou alles gee waarna jy verlang. Hy het my gered, Hy het aan my iets gegee om oor uit te roep, om voor te lewe en te sterwe. Hy kan dieselfde vir jou doen. Moenie wag nie. Nooi Hom vandag in jou hart in! Prys die Here!
Steven Wedel

DIE WEERMAG EN LUGMAG VAN GOD (DIE WAGTERS)

(Vervolg vanaf bladsy 5)

en onderhou die gebooie.¹⁴ Wandel met die GEES van GOD.¹⁵

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹⁶ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹⁷ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹⁸ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,¹⁹ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.²⁰ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²¹ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²² U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my

sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²³ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.²⁴ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁵ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.²⁶

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²⁷ Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.²⁸

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered

word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, “Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die Hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE” (Mal. 3:8-12).

14 2 Tim. 2:15, 3:14-17 15 Eseg. 36:27, Rom. 8:1-14, Gal. 5:16-25 16 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 17 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 18 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh 1:7, Op. 5:9 19 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 20 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 21 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 22 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 23 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 24 Matt. 21:22, Joh 6:35, 37-40, Rom. 10:13 25 Heb. 11:6 26 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 27 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 28 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA
24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362
www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Bediening wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Februarie 2013 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer Februarie 2013

AFRIKAANS—VOLUME 17400—THE ARMY AND AIR FORCE OF GOD